

# US-taalbeleid bly 'n tameletjie

**Michelle van der Spuy**

@MichellevdSpuy

**Dit wil voorkom of die uitvoerende komitee van die konvokasie by Universiteit Stellenbosch (US) se siening oor die instelling se taalbeleid effens steun begin verloor.**

“Ek is verbaas oor die felheid en intensiteit van die teenstand wat my standpunt ontlok, maar die voortbestaan van hierdie idee is nie van my afhanklik nie want dit leef in die harte van duisende Afrikaanssprekendes en dit sal deur hulle in stand gehou word,” het adv. Jan Heunis, president van die



**Prof. Wim de Villiers**

konvokasie, in sy toespraak gesê.

Die teenstand waarna hy verwys het, kom nie net van buite die konvokasie nie. Alhoewel baie punte in Heunis se toespraak met applous begroet is, het een lid hom versoek om nie die taalstryd in sy naam te voer nie.

Heunis het in sy toespraak aangevoer dat daar verskeie statistieke is wat sy argument ten opsigte van die gelyke aanbieding van onderrig in Afrikaans en Engels steun. Volgens hom het die bevolkingsensus van 2011 aangedui dat 6,8 miljoen mense in Suid-Afrika – 13,5% van die bevolking – Afrikaanssprekend

---

**Dat ons van mekaar verskil, is nie noodwendig 'n teken van spanning of swak verhoudinge nie.**

- Prof. Wim de Villiers

is. In die Wes-Kaap is bykans die helfte van die bevolking se huistaal Afrikaans.

Hy het verder geargumenteer dat bruin Afrikaanse skoolhoofde melding maak van hoe moeilik dit vir hul matrikulante is om suksesvol aan Engelse universiteite te studeer.

Ten spyte van dié statistieke, het 'n lid van die konvokasie – een van die min jong mense wat die vergadering bygewoon het – gesê alhoewel hy van Kraaifontein af kom en albei sy ouers Afrikaanssprekend is, hy verkies om in

Engels te studeer.

Die lid is ook een van die vrygeborenes waarna Heunis in sy toespraak verwys het. Heunis het gesê alhoewel die vrygeborenes belangrike deelnemers aan 'n debat oor Suid-Afrika se toekoms is, is enige aanspraak dat hulle die enigste deelnemers mag wees aanduidend van “'n hartseer onvermoë om argument met argument te ontmoet”.

Heunis het ook verwys na die “klein aggressiewe minderhede” wat nie aan 'n gesprek soos hy bepleit het, wil deelneem nie, maar soms 'n “buitensporige en disproporsionele rol in die formulering van die taalbeleid gespeel het”.

Prof. Wim de Villiers, rektor en visekanselier van die US, wou nie in sy toespraak uitwei oor die meriete van die hofaansoek deur die Gelyke Kanse-inisiatief waarvan Heunis die voorsitter is nie. Hy het egter gesê dat die nuwe taalbeleid wat in Junie 2016 bekragtig is, toegang tot die universiteit verbreed en inklusiewe meertaligheid bevorder.

“Ek stem hoegenaamd nie saam met die kommentaar dat die 2016-taalbeleid die Afrikaanse taal of Afrikaanse kultuur ondermyn nie, dat dit Afrikaanssprekendes van die geleentheid ontnem om in Afrikaans onderrig te ontvang nie, óf dat dit Afrikaans as onderrigtaal uitrangeer nie.”

De Villiers het sy toespraak afgesluit deur klem te lê op die universiteit se fokus op toekomsgerigtheid met 'n aanhaling uit Pierre Lombard, primkomiteevoorsitter, se toespraak by



**Adv. Jan Heunis** Foto's: Michelle van der Spuy

vanjaar se verwelkoming van die nuwelingsstudente.

“What it meant to be a Matie 30 years ago, does not mean the same thing today, but there is still a golden thread running through all of us.

“Die ervarings gaan anders wees vir u kind en dinge gaan nie dieselfde wees soos wat u dit onthou nie, maar vandag se Matie is nog net so trots om 'n Matie te wees as wat u was toe u hier weggestap het.”

De Villiers het gesê 'n universiteit is 'n plek vir debatvoering, kritiese ondersoek en verskillende standpunte.

“Dat ons van mekaar verskil, is nie noodwendig 'n teken van spanning of swak verhoudinge nie. Ek glo werklik die konvokasie van oudstudente deel ons visie vir 'n uitnemende Universiteit Stellenbosch, in belang van vandag en die volgende eeu se studente.”